Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Wat is goed genoeg om aanhoudend te probeer?

Skriflesing: Lukas 18:1-8

Broodjies vir die pad

refleksies

[dylan lewis. *beeldetuin*]

omhels dan hierdie dam soos 'n gedig
want dis maklik om 'n dam te word
met die oog spieëlblink
soos die pupil van 'n waterlelie
om alles, alles raak te ken

omhels wydlopig die voetpaaie
met ruwe wenkbroue gras en klip
die kronkelare, met aan die lid
van die dam 'n klein traanklier
om uit te loop op vleiwater

soos 'n sinapse ontvou die beelde
met fantasmagoriese transgedaantes
in afgepaarde dier, voël of mens
torso's van man of vrou met soms
'n enkele engelvlerk eroties
in lig en skadu gespan: organies
en gefragmenteerd –

in die kop van hierdie gedig
word jy droom, word jy dam
en is jou ganse oerlandskap
minimalisties uitgewring

berge beur handstil omhoog
bitterblou staan die buffels daar
en kyk die luiperd jou hondmak
in die hart

in los eilande van wildernis
sweef makette en sjamane
waar soms 'n vreemde dans
jou verras met die enkelritme
van 'n been, arm of skouervlerk
totdat jy later nie meer weet
wat jy omhels het nie

was dit dam of dier, die berg
of lig: miskien net jou eie
fynboskurwe
met hierdie gedig –

marlise joubert. okt. 2019

"He who does not understand your silence will probably not understand your words."
— Elbert Hubbard

"That which we persist in doing becomes easier to do, not that the nature of the thing has changed but that our power to do has increased."
— Ralph Waldo Emerson

Die twee kiekies teen die muur bokant die bed

Abraham H. de Vries

Die Natte daar het met Fords gery en die Sappe met Chevs. Die Fords se garage was links nes jy by die dorp inkom en die Chevs s'n in die hoofstraat.

Bo onder die berg het deske jare selfs 'n "kommunis-gesin" 'n huis gehad, een met 'n Amerikaanse kombuis.

Hul dogter het iewers in die buiteland gewerk en sy het later daar aan 'n man verloof geraak. Die paartjie het hier kom trou en die onthaal was in die plaasrestaurant.

'n Maand later is hulle terug, maar eers nadat die bruidegom in 'n Kaapstadse hospitaal was.

Hulle wittebrood is bederf deur 'n aanval een aand in 'n stillerige straat in die Tuine. Tóé al.

Selfs jare later, nie ná hul tweeling se geboorte en dáárna die demokratisering van die land, was hulle weer hier nie.

Die mense het begin skinner met hul vrese en oor die politiek.

In ons huis was daar vir politiek min trek.

Hoekom weet ek nie, want Pa se beste vriend (wat jonger was as hy, "want ek het hom op my rug grootgedra") was 'n lid van die destydse Volksraad.

Dié twee kon aande om gesels, veral in die winter as die Bolinder-houtstoof brand en die brandhout en die koffie tussen die gesels deur gesellig ruik.

Ma kon, as dit moes, gou sago-melkkos maak as die vriend onverwags daar opgedaag het.

Politiek se skinnerstories het hy, soos Pa sou sê, voor die werf se hek gelos. Want regte stories vertel die waarheid sonder om te wil hê jy moet dit glo.

Dis juis skinnerstories oor twee foto's wat glo langs mekaar bokant hulle bed gehang het wat die voorbaatse "kommuniste" die storie oor hul politiek besorg het.

Die man aan die linkerkant teen die muur het 'n yslike bles gehad – byna nes pa s'n – en die een langs hom 'n woeste snor en 'n langmouhemp wat tot styf onder sy keel toegeknoop was.

Die "kommunis" se vrou het altyd 'n kamera by haar gehad, oral foto's geneem.

Dis hoekom ek gedink het – wat almal in ons plaasskool sou dink – dat die man met die bles 'n Calitzdorpse boer was, en die ou regs teen die muur met die toeknoophemp 'n afgetrede boer op Lappiesbaai.

Nou het ons al jare lank 'n nuwe politiek. Ons dorp het garages vir vier of meer soorte motors, selfs Mercedesse.

Maar die strate word nie meer skoon gehou nie. Die politici praat meer as wat hulle luister na die mense wat al hoe armer word.

Met jou selfoon kan jy darem as jy wil gaan kuier, seker maak jou vriende lewe nog.

Die "kommuniste" se huis het lank leeg gestaan voor dit lank gelede verkoop is.

Die laaste keer wat ek daar rondgeloop het, het Lenin en Stalin se foto's vol stof agter 'n leë boekrak in die gang gelê.

Dit was net die vergrote kiekies van die kleinkinders, die tweeling in Australië, wat nog in die verlate slaapkamer gehang het.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/die-twee-kiekies-teen-die-muur-bokant-die-bed-20191015

"Doubt is unsettling to the ego, and those who are drawn to ideologies that promise the dispelling of doubt by proffering certainties will never grow. In seeking certainty they are courting the death of the soul, whose nature is forever churning possibility, forever seeking the larger, forever riding the melting edge of certainty's glacier."
— James Hollis, Finding Meaning in the Second Half of Life: How to Finally, Really Grow Up

"Grace is not opposed to effort, it is opposed to earning. Earning is an attitude. Effort is an action. Grace, you know, does not just have to do with forgiveness of sins alone."
— Dallas Willard, The Great Omission: Reclaiming Jesus's Essential Teachings on Discipleship

"Life's most persistent and urgent question is, 'What are you doing for others?"
— Martin Luther King Jr.

Brood vir die pad

Egte vriendskap skep 'n klein genaderuimte

Wilhelm Jordaan

Elke jaar met vakansie op my oupa se plaas by Hoeko in die Klein-Karoo het hy by die eerste aandete vir die hele gesin – kinders inkluis – 'n glasie van sy soet hanepoot geskink, sy blou oë oor ons laat dwaal en gesê: "Op ons ewigdurende vriendskap."

Dan het hy sy kop gelig, sy sopie agter in sy keel gegooi en met een teug die sterk soetheid gesluk. Dít het óns asems weggeslaan . . .

"Ewigdurende vriendskap" het tog iets vreemd geword – juis in ons tyd van vlugtigheid waarin vriendskappe (aanlyn en in lewende lywe) dikwels net so lank duur as wat die "vriende" nutswaarde vir mekaar het. Soos in 'n ruiltransaksie: Ek bied iets, jy bied iets en as dit op is, is daar niks.

Tog is daar 'n ander werklikheid: Die begeerte na diepgaande, durende vriendskap; dat 'n ander mens sag met jou sal omgaan; vrylik en hartlik met jou gesels; krities, maar opreg, raad gee en vermaan; jou feilloos bystaan as jou lewe flenters is en saam met jou juig as dit goed gaan; jou regverdig verdedig as ander oor jou skinder; geduldig met jou is en nie soos die wind verander nie. Dit is vriendskap wat altyd gemaklik is – soos 'n ou trui wat presies jou lyf se voue pas.

Sulke vriendskap kom stadig – in die trant van 'n Nederlandse spreuk: "Aleer dat gij een vriendt betrouwt / Zoo eet met hem een mudde zout."

Dié "mudde zout" vra ten minste drie dinge: Vertroue wat sê die verbintenis tussen vriende is vrywillig en word in stand gehou deur die oortuiging dat elkeen werklik omgee en waarde heg aan die ontdekking van mekaar se mensheid.

Dit skep 'n gemeensaamheid wat maak dat vriende mekaar tegemoetkom, sonder om sommetjies te maak oor insette en voordele.

Uit vertroue groei eerlikheid – die gereedheid om volgens jou beste insigte en bedoelings opregte mededelings oor jouself, of jou siening van 'n saak, aan die ander te gee.

Jou woorde is betroubaar soos 'n goeie kompas wat ware noord akkuraat registreer. Juis daarom kan vriende mekaar se teregwysings en vermanings opsoek én verduur, want elkeen weet wat die ander sê en doen, soek nie eiebelang nie, maar staan in diens van die ander.

Vertroue en eerlikheid skep onvoorwaardelike agting vir mekaar. Om daarmee 'n kragveld te skep waarin vriende tegelyk hul eendersheid koester en hul andersheid verrykend vind. Daarom verkneukel vriende hulle aan mekaar se vreemdhede en sotternye.

Die agting vir mekaar skep 'n klein ruimte van genade waarin vriende hul maskers kan afhaal en die hart van hul mensheid kan wys.

Só beleef vriende mekaar se nabyheid in die sekerheid dat hul begeerte om van geweet te wees 'n werklikheid is waarop hulle kan reken. Hulle is altyd dáár vir mekaar – in egte vriendskap, ewigdurend soos my oupa gesê het. En onvernietigbaar soos energie.

Jordaan is 'n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/egte-vriendskap-skep-n-klein-genaderuimte-20191016

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877